

Sing vooraf staande: Psalm 31:12, 18 (p. 146)

- 12 HEER, in u hande is my tye; / ek steun in al my leed / op U alleen wat weet
die maat en einde van my lye. / Red my, o sielsverblyder, / van vyand en bestryder.
- 18 In moedeloosheid neergeboë, / het ek, deur vrees gejaag, / weleer te gou geklaag:
“Ek het verdwyn, wég van u oë.” / Ook dan is voor u ore / my roepstem nie verlore.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 75:1, 4 (p. 377)

- 1 U alleen, U loof ons bly – / ja, ons jubel tot u eer!
Want u Naam is, troue HEER, / vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land / al die wonders van u hand.
- 4 Die verlossing, roem en eer / kom nie uit woestyne ver,
nie uit oos of weste her; / want die Regter is die HEER.
Hy sit bo die hemelboog – / Hy verneder en verhoog.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Gebed

Psalm 90:5, 7 (p. 455)

- 5 So gaan u gramskap met ons deur die lewe – / die skaduwee wat swart oor ons bly swewe;
ons lewe, 'n som van droewe dae en nagte, / ons jare bring ons deur soos 'n gedagte.
Die sterkste klim ten hoogste tot die top / van sewentig of tagtig jare op.
- 7 Maar wie kan leef met enkel voort te klae?... / Leer ons dan so te tel ons lewensdae
dat wysheid ons kan voortlei in ons gange, / ons hart kan vul met dankb're lofgesange.
Hoe lank, o HEER?... Ons dae gaan verby! / Keer tot ons weer, betoon ons medely!

Skriflesing: Prediker 3:1-17

Kernverse: Prediker 3:1 en 11

Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd:

Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind. (Prediker 3:1 en 11 AFR 1953)

Tema: Ons tyd en God se tyd – pas ons tyd by God se tyd in?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, tyd is beslis een van die interessantste goed wat die Here geskep het. 'n Uur en 'n dag is vandag presies nog net so lank as wat dit was toe die Here die hemel en die aarde in die begin geskep het. Wanneer 'n mens egter jonk is voel 'n jaar so lank. Maar hoe ouer 'n mens word, begin dit al meer en meer voel of 'n jaar al vinniger verbygaan. Julle jongetjies kan nie wag dat die Desember-skoolvakansie aanbreek nie, maar daar is nog twee weke oor. En julle sê: Dit is nog só lank. Maar wanneer jy besig is om eksamen te skryf, lyk dit of die minute net so vinnig soos die sekondes verbygaan.

Soos al die ander dinge wat ons kan sien, het die Here ook tyd, wat ons nie kan sien nie, geskep. Alles wat die Here in die skepping geplaas het, is onderwerp aan die voortgang van tyd. Daar is niks en niemand onder die son wat tyd kan laat stilstaan of terugdraai nie. En hoe baie maal het ons nie al gewens om die tyd terug te draai nie? Wanneer 'n mens iets doms aangevang het, wens 'n mens dat jy die dag net oor kan hê om reg te maak wat jy verbrou het. Wanneer jy 'n lekker vakansie het, wens jy dat die tyd net 'n bietjie wil stilstaan sodat die lekker net so 'n bietjie langer kan aanhou. Die Here gee vir ons almal 24 uur, 1 440 minute of 86 400 sekondes elke dag om te gebruik. Dit is ons s'n om te gebruik. Wat maak ons met ons tyd? Pas ons tyd in by God se tyd? Doen ons met ons tyd wat God wil hê ons daarmee moet doen?

Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd, skryf die Heilige Gees. Hier word twee verskillende woorde gebruik waarmee tyd aangedui word. Die woord wat ons vertaal met *bepaalde uur* wys op 'n tydstop of 'n vaste tydperk wat iets aanhou gebeur. Die woord wat ons met *tyd* vertaal beteken dieselfde as die eerste woord, naamlik 'n tydstop of 'n vaste tydperk, maar met die bykomende betekenis dat die tydstop of tydperk vooraf bepaal is. Die tydstop waarop 'n babatjie gebore word, is vooraf deur God bepaal. Die tydstop waarop 'n mens sterf, is ook vooraf deur God bepaal. Net so is die tydperk om te plant, of om plante uit te roei, ook vooraf deur God bepaal. Daar is dus 'n gepaste tydstop of tydperk vir elke ding onder die hemel.

En vir ons mense is dit soms moeilik om te aanvaar dat ons oor baie van die tye of tydperke in ons lewe eintlik geen sê het nie. Niemand van ons het 'n sê gehad oor die tydstop waarop of die tydperk waarin ons gebore is nie. Die Here het vooraf bepaal wanneer ons gebore sou word en dat ons vandag in hierdie tydperk sal lewe. Net so het ons ook nie 'n sê oor hoe lank hierdie moeilike ekonomiese omstandighede nog sal aanhou nie. Hierdie dinge gebeur en ons is in die midde daarvan.

Daar is 'n tyd om op te staan en 'n tyd om te gaan slaap. Daar is tyd om te werk en 'n tyd om te ontspan. Daar is tyd om skool toe te gaan en 'n tyd om te speel. Daar is 'n tyd om enkel te wees en vir sommiges 'n tyd om getroud te wees. Omdat daar hierdie vaste tye is, kan ons beplanning doen. Ons is dus nie net uitgelewer aan tyd nie, ons kan ons tyd beplan.

Net so het die Here 'n tyd vir winter en 'n tyd vir somer gegee. Hy het vooraf bepaal wanneer dit planttyd en wanneer dit oestyd sal wees. So het Hy ook bepaal dat die aarde 365 dae om die son sal wentel en die ander planete en hemelligame op langer of korter bane sal wentel.

Dit is goed dat die Here sulke vaste tydperke en tydstoppe vooraf bepaal het. Dink net hoe 'n groot chaos sou dit gewees het as dit nie so was nie. Ons sou gesukkel het om te weet wanneer is die tyd nou reg om te plant of nie. As die planete nie op hulle spesifieke tye gewentel het nie, sou die goed teen mekaar gebots het. Die feit dat die Here die tye so vooraf bepaal het en vaste tydperke aan elke ding onder die hemel gegee het, gee vir ons sekuriteit. Dit maak dat die lewe vir ons op 'n manier maklik is omdat ons weet wanneer sekere seisoene sal aanbreek en wanneer die vorige een sal ophou.

Maar dit gebeur ook dat ons nie altyd tevrede is met die tye wat die Here aan ons gee nie. Party mense sal eerder wil hê dat die somer langer moet aanhou, ander kies eerder die winter. Wanneer 'n mens jonk is, wens jy om 'n bietjie ouer te wees. Is dit nie waar nie, kinders? Julle wat ses of sewe jaar oud is, wens dat julle al nege of tien jaar oud is. Julle wat twaalf jaar oud is, wens dat julle al tieners is. En die tieners wens dat hulle al studente kan wees of uit die huis uit met 'n eie werk sodat jy kan koop wat jy wil hê. En dan gebeur dit dat die wat al ouer geword het, wens dat hulle nog jonger was. Ons is nie altyd tevrede met die tye van ons lewens nie.

Nou moet ons egter onthou dat die Here aan ons die tye en tydperke gegee het. Luister hoe staan dit hier geskryf: **Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd.** Elke seisoen het sy eie mooiheid. Elke stadium van 'n mens se lewe het iets moois. En daardie stadium van jou leeftyd pas presies mooi in by dit wat die Here weet ek en jy nou nodig het. Ons moet, in plaas daarvan om te wens om ouer of jonger te wees, eerder vra hoe ons die tydperk so kan gebruik dat die Here die meeste daardeur geëer kan word. Hoe kan ek my tyd gebruik dat dit die beste pas in God se tyd in sodat Hy al die lof kan ontvang wat Hom toekom?

Ons moet eerder Moses se gebed in Psalm 90 ook ons gebed maak: **Leer ons om ons dae so tel dat ons 'n wyse hart mag bekom!**

Ons lees egter dat die Here nie net aangename tye aan ons gee nie. Hy bepaal die tye van alles vooraf – ook van die tye en tydperke wat vir ons nie so aangenaam is nie. **'n Tyd om te sterf, 'n tyd om af te breek, 'n tyd om te weeklaag** – ook hierdie tye gee die Here aan ons. Hoe graag ons dikwels ook al wil, kan ons hierdie tye nie verander nie; ja, ons kan dit ook nie sistap nie. Net soos in die tye wanneer dit vir ons aangenaam is, moet ons ook in hierdie moeilike tye na die Here opkyk. In sy wysheid pas hierdie moeilike tye ook mooi in in sy tyd en, hoe moeilik dit ook al is om te begryp, dit pas mooi in ons lewe ook in.

En wanneer die Heilige Gees ons verstand verhelder om deur die Bybel na die Here toe op te kyk, dan sien 'n mens God se liefde ook in daardie moeilike tye raak. In Klaagliedere 3 staan dit mooi geskryf:

Die Here verstoot 'n mens nie vir altyd nie; as Hy beproewing oor 'n mens gebring het, ontferm Hy Hom weer, want sy liefde is groot: dit is teen sy sin dat Hy mense in ellende en beproewing bring. (Klaagliedere 3:31-33 AFR1983)

Die Here verlekker Hom nie oor die tye waarin ons hartseer is en oorlog beleef en sterftes ondervind nie. Hierdie liefde is nie leë woorde nie, geliefdes. Die feit dat God sy liefde vir ons in Christus bewys het, laat ons dit besef.

Almal van ons ondervind hierdie wisseling van tye. Daarom weet ons dat die lekker tye wat ons hier op aarde beleef nie vir altyd kan voortduur nie. Dit gaan verby. Daar is mos nie net geboortes nie. Daar moet ook mense sterf. By al die baie dinge wat die Here aan elkeen persoonlik leer in moeilike tye, is daar een belangrike ding wat die Here aan almal van ons leer met hierdie wisseling tussen aangename en onaangename tye. Ons moenie so tuis raak in hierdie stukkende wêreld dat ons nie hieruit wil weggaan nie.

Die Here het vir ons van die begin af iets baie beters beplan as hierdie wêreld wat ons so stukkend laat word het. Die Here wou nie hê dat daar dood en oorlog en hartseer moes wees nie. Hy het vir die mens van die begin af die ewige lewe saam met Hom in die oog gehad.

Geliefdes, dit is oor hierdie aanhoudende wisseling in tye en tydperke en omdat die Here **ook die eeu in die mens se hart gelê** het – of soos die Nuwe Vertaling lees: **die besef van onbepaalde tyd** – dat ons mense besef dat ons nie hier in hierdie wêreld en in hierdie lewe ons finale rus en vreugde

sal vind nie. Na hierdie lewe gaan die mens se lewe voort in 'n onbepaalde tyd in die ewigheid. Dit is die ewige lewe wat die Here van die begin af vir die mens bestem het. Maar weens die sondeval het daar ook 'n ander ewige bestemming vir die mens moontlik geword – die ewige dood, of eerder die ewigheid sonder die liefde en die genade van God.

Wanneer 'n mens die Bybel van die begin af deurlees, kom 'n mens agter dat die Here sy volle aandag daaraan gee om die mens van hierdie ewige bestaan sonder Hom te red. Dit is nie sy wil dat die mens moet sterf en weens sy sonde vir ewig verlore gaan nie. Hy wil hê dat die mens hom bekeer en bly lewe – ewig lewe sonder om ooit weer hartseer en pyn en dood te beleef. En wanneer die Heilige Gees besig is om ons van binne af nuut te maak, is Hy ook besig om ons so te verander dat ons tyd in pas met God se tyd sal kom.

Broers, susters en kinders, ons weet ons lewe is eintlik maar baie kort. Luister weer hoe die Heilige Gees dit deur Moses geskryf het:

Die dae van ons jare—daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar; en die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet; want gou gaan dit verby, en ons vlieg daarheen. (Psalm 90:10 AFR1953)

Ons het dus nie tyd om te mors nie. Wanneer hierdie jaar verby is, is dit vir altyd verby. Niemand sal hierdie jaar weer kan oorhê nie.

Die sewentig of tagtig jaar wat ons het, is nie net kort nie – dit is ook uiters kosbaar. Hoe kosbaar? Dink mooi daaroor. Christus het hierdie sewentig of tagtig jaar met sy lewe vir ons gekoop. As Hy nie vir ons skuld aan die kruis betaal het nie, sou ons nie sewentig of tagtig jaar gehad het om die Here te leer ken nie. Ons sou nie tyd gehad het om in pas met God se tyd te kom nie. Daarom is dit so nodig dat ons ons tyd reg gebruik. Christus het dit vir ons gegee en Hy gaan van ons verantwoording eis. Hy gaan vra wat ons met die tyd gemaak het wat Hy vir ons gegee het.

Die Here het immers alles wat Hy geskep het vir Homself geskep. Daarom behoort alles tot eer van God ook te bestaan. En ons mense, ons het nog meer rede om tot eer van God te lewe – veral ons vir wie Christus die tyd gekoop het. Ons sal dus ons tyd reg gebruik wanneer ons dit tot eer van God aanwend. Ons behoort ook ons tyd te gebruik om die koninkryk van God meer en meer in ons eie lewens te laat posvat. Ons moet ons tyd aanwend om die Naam van die Here groot te maak. Beteken dit nou dat ons almal sendelinge of evangeliste moet word? Nee, dit is nie wat die Here verwag nie. Met die gawes vir watter werk Hy ons ook al gegee het om te doen, moet ons daar in ons werk tot eer van die Here lewe. As ons nie ons tyd so gebruik nie, sondig ons teen die Here en ons sal Hom om vergifnis moet smee omdat ons die tyd nie reg gebruik het nie.

En wanneer ons dit gesê, kan jy miskien dink dat jy nou elke minuut van jou lewe sal moet werk. Maar dit is nie wat die Here verwag nie. Hy weet ons is net mense wie se krag maar beperk is. Hy weet ons het tyd nodig om te ontspan. Toe Jesus op die aarde was, het Hy ook moeg word en moes Hy gaan slaap. Hy is immers 'n egte mens soos ons. Maar ook die tyd wat ons het om te ontspan, is 'n geskenk van Christus en sy Vader. En hoe gebruik ons ons ontspanningstyd?

Bestaan jou ontspanning daaruit om voor die rekenaar na pornografie te kyk? Maak jy dit jou ontspanning om ander mense te beskinder en storiëttjies oor hulle te vertel? Jong dogters, is dit julle ontspanning om langs die sportveld die mans se lywe met mekaar te bespreek. Jong seuns, bestaan julle ontspanning uit partyttjies waar julle die volgende oggend niks meer van kan onthou nie? Ons moet almal onthou dat die tyd wat ons vir ontspanning het ook 'n geskenk van die Here is.

Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is 'n gawe van God. (Prediker 3:13 AFR1983)

En ons behoort daardie tyd ook so deur te bring dat ons nie skaam daarvoor hoef te wees wanneer Pa of Ma my daarvoor uitvra nie. Ek behoort my ontspanningstyd so te gebruik dat ek nie skaam sal wees om met enigiemand daarvoor te praat nie. Wat ons ook al doen, of ons nou werk en of ons ontspan, ons moet dit doen tot eer van die Here. Doen dit so dat jy jou nie daarvoor sal hoef te skaam wanneer die Here eendag jou boek voor almal gaan oopmaak nie.

Geliefdes, tyd is 'n geskenk uit die Here ons God se hand aan ons. Die tyd wat ons het, is kosbare tyd – nie net omdat ons nie honderde jare het nie, maar omdat die sewentig of tagtig jaar wat ons het duur gekoop is met die bloed van Christus. Laat ons daarom die beste maak van elke geleentheid wat die Here ons gee om ons tyd in pas met sy tyd te laat kom.

Amen!

Slotgebed

Psalm 90:2, 9 (p. 454)

- 2 Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe? / Wat hét die mens, al is hom veel gegewe?
U knak die steel van sy geswinde jare, / en hy gaan heen net soos die najaarsblare.
Want in u oog is duisend jare, HEER, / 'n enk'le dag, 'n nagwaak en niks meer.
- 9 Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie! / Laat van ons kroos u heerlikheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede! / En, Heer, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by die onguns van die tyd, / bevestig tog ons werk in ewigheid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
27 November 2011